# Skoolgelde

Skoolgeld is verpligtend volgens die Skolewet en vooruitbetaalbaar vir die skooljaar. Die skoolgeld, betaalbaar deur die ouers, word deur die Beheerliggaam van die skool van jaar tot jaar bepaal, nadat die konsepbegroting aan die einde van die jaar tydens 'n algemene ouervergadering voorgelê en goedgekeur is. Ouers wat teenwoordig is, vorm 'n kworum.

Die skoolgeld word deur die Beheerliggaam - in besonder deur 'n finansiële komitee - beheer. Die finansiëlestate word jaarliks deur 'n ouditeursfirma geoudit en verslae word aan die onderwys owerheid voorgelê. Verslae ter insae is ook vir die ouers by die skool beskikbaar.

U is seker bewus daarvan die skoolgelde deesdae astronomies hoog is by sekere skole. Vastrap kompeteer teen die meeste van die skole op 'n buitemuurse terrein. Ons staan beslis nie 'n tree terug nie. Ook op akademiese gebied vergelyk ons baie goed met van die bestes. Ons is gelukkig in Rustenburg met 'n skool soos Vastrap – privaatskoolonderrig teen staatskooltariewe.

**Skoolgelde word onder andere aangewend vir:**

- die aankoop van leerondersteuningsmateriaal
- die ontwikkeling van fasiliteite
- die bedryfsuitgawes van die skool
- die verskaffing en instandhouding van sport- en kultuurgeriewe
- die terreinverbetering, verfraaiing en instandhouding van geboue en terreine
- die betaling van salarisse van addisionele personeellede

**Neem asb kennis van die volgende:**

- Slegs leerlinge vanaf gr. 1-7 se ouers kan kwalifiseer vir gedeeltelike en/of volle kwytskelding van skoolgeld. Laerskool Vastrap is 'n kwintiel 5 skool en ontvang die absolute minimum vanaf die Onderwysowerheid. Die skool leun dus swaar op die betaling van skoolgeld deur al sy ouers.

Aansoek vir gedeeltelike / volle vrystelling van skoolgeld word gedoen op grond van **beide** biologiese ouers **se gesamentlike bruto inkomste**. **Beide biologiese ouers** is dus aanspreeklik vir hul kind se skoolgeld, ooreenkomstig bepalings van die SA Skolewet.

**Wyse van betaling** (Eenmalig, ses-maandeliks of maandeliks):

Debietorder, elektronise inbetalings of direkte inbetalings. Ons poog om kontant te beperk - ouers kan egter ook self kom betaal.

Skoolgelde word pro-rata bereken vir leerders wat later in die jaar by Vastrap begin.

**Kantoorure vir betaling is Maandae tot Vrydae vanaf 07:15 tot 13:30.**

JAARLIKSE SKOOLGELDE (Betaalbaar voor 28 Februarie 2019)

KORTING NET OP EENMALIGE BETALINGS VOOR 28 FEBRUARIE 2019

1 Kind R15,400-Minus Korting R 770 (R14,630) Plus R100 per kind admin fooi vir Gr 1 en nuwe inskrywings

2 KindersR 30,800-Minus Korting R1540 (R29,260) Plus R100 per kind admin fooi vir Grd 1 en nuwe inskrywings

3 Kinders R 46,200-Minus Korting R2310 (R 43,890) Plus R100 per kind admin fooi vir Grd 1 en nuwe inskrywings

4 Kinders R 61,600-Minus Korting R3080 (R 58,520) Plus R100 per kind admin fooi vir Grd 1 en nuwe inskrywings

5 Kinders R 77,000-Minus Korting R3850 (R 73,150) Plus R100 oer kind admin fooi vir Grd 1 en nuwe inskrwings

HALFJAARLIKSE SKOOLGELDE (Betaalbaar voor 28 Februarie en 1 Junie 2019)

Korting van R385 per leerder vir halfjaarlikse betaling voor gespesifiseerde datums

1 Kind- 28 Febuarie R7,700.00, 1 Junie R7,700.00, 6 mndeliks korting-Min korting R385 (Betaalbaar 28 Febuarie en 1 Junie R7,315.00

2 kinders-28 Febuarie R15,400.00 1 Junie R15,400.00 6 mndeliks korting-Min korting R770 (Betaalbaar 28 Febuarie en 1 Junie R14,630.00

3 Kinders-28 Febuarie R23,100.00 1 Junie R23,100.00 6 mndeliks korting-Min korting R1155 (Betaalbaar 28 Febuarie en 1 Junie R21,945.00

4 Kinders-28 Febuarie R30,800.00 1 Junie R30,800.00 6 mndeliks korting-Min korting R1540 (Betaalbaar 28 Febuarie en 1 Junie R29,260.00

5 Kinders-28 Febuarie R38,500.00 1 Junie R38,500.00 6 mndeliks korting-Min korting R1925 (Betaalbaar 28 Febuarie en 1 Junie R32,575.00

MAANDELIKSE SKOOLGELDE (Betaalbaar voor die 7de van elke maand)

1 Kind Januarie - November - R1,400.00 per maand

2 Kinders Januarie - November - R2,800.00per maand

3 Kinders Januarie - November - R4,200.00 per maand

4 Kinders Januarie - November - R5,600.00 per maand

5 Kinders Januarie - November - R7,000.00 per maand

GRAAD R - 2019

Jaarliks R17,400.00

HalfjaarliksR 8, 250.00

Maandeliks R1,500.00 vir 11 mnde

Registrasiefooi R1,550 met aansoek

NASKOOL VASTRAP 2019

Registrasie R 300

Januarie R1,020.

Februarie R1,200.

Maart R660.

April R1,140.00

Mei R1,320.00

Junie R600.00

Julie R 1,020.00

Augustus R1,260.

September R900.

Oktober R1.380

November R1,260.

Desember R240 Opsioneel

Dagtariewe: R60/dag

Vakansie-Halfdag R60

Vakansie-Voldag R120